basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DANSSTUDIES

RIGLYNE VIR
PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

GRAAD 12

2026

Hierdie riglyne bestaan uit 36 bladsye.
Hierdie riglyne moet in volkleur gedruk word.

Kopiereg voorbehou

INHOUDSOPGAWE

1.	**INLEIDING**		**3**
2.	**JAARLIKSE ASSESSERINGSPROGRAM**		**4**
3.	**ADMINISTRASIE VAN PAT EN ONDERWYSERRIGLYNE**		5
	3.1	PAT-nakoming met betrekking tot NSS-uitslae	5
	3.2	Assesserings- en modereringsvereistes	5
	3.3	PAT-implementering vir Dansstudies	6
	3.4	Tydraamwerk	6
	3.5	Ontwikkeling van 21ste-eeuse vaardighede	6
	3.6	Voorbereiding	7
	3.7	Lesbeplanning	7
	3.8	Organisering van die leerders	7
	3.9	Joernaalvereistes	8
	3.10	Programnotavereistes	8
	3.11	Begeleiding van leerders in die saamstel van 'n finale produk	9
4.	**PAT-TEMA VIR 2026**		**11**
5.	**LEERDERRIGLYNE: PAT-OPDRAG**		**12**
	5.1	Leerderinstruksies	15
	5.2	Groepwerk	15
	5.3	Tydraamwerk	15
	5.4	Ontleding van die choreografiese proses	17
	5.5	Leerderbegeleiding vir ontwikkeling van die PAT en verklaring	18
6.	**PAT-NASIENINSTRUMENTE**		**26**
	6.1	Kwartaal 1: PAT-proses-puntestaat	26
	6.2	Kwartaal 1: PAT-proses-nasienrubriek – skriftelike werk in joernaal	27
	6.3	Kwartaal 1: PAT-proses-nasienrubriek – praktiese werk	28
	6.4	Kwartaal 2: PAT-produk-puntestate	29
	6.5	Kwartaal 2: PAT-produk-nasienrubriek – skriftelike werk in joernaal	31
	6.6	Kwartaal 2: PAT-produk-nasienrubriek – programnota	32
	6.7	Kwartaal 2: PAT-produk-nasienrubriek – finale dansopvoering	33
7.	**GEVOLGTREKKING**		**34**
8.	**VERWYSINGS**		**34**

AKRONIEME	
KABV	Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring
VOO	Verdere Onderwys en Opleiding
NKV	Nasionale Kurrikulumverklaring
NSS	Nasionale Senior Sertifikaat
PAT	Praktiese Assesseringstaak
PVA	Program van Assessering
SGA	Skoolgebaseerde Assessering
JOP	Jaarlikse Onderrigplanne

1. INLEIDING

Die 18 Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring-vakke wat 'n praktiese komponent bevat, sluit almal 'n praktiese assesseringstaak (PAT) in. Hierdie vakke is:

- LANDBOU: Landboubestuurswetenskappe, Landboutegnologie
- KUNS: Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste
- WETENSKAPPE: Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie
- DIENSTE: Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- TEGNOLOGIE: Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Meganiese Tegnologie en Ingenieursgrafika en -ontwerp
- TEGNIES: Tegniese Wiskunde en Tegniese Wetenskappe

'n Praktiese assesseringstaak (PAT) is 'n verpligte komponent van die finale bevorderingspunt vir alle kandidate ingeskryf vir vakke wat 'n praktiese komponent het en tel 25% (100 punte) van die eksamenpunt aan die einde van die jaar. Die PAT word oor die eerste drie kwartale van die skooljaar geïmplementeer. Dit word opgedeel in verskillende fases of 'n reeks kleiner aktiwiteite waaruit die PAT bestaan. Die PAT bied leerders die geleentheid om op 'n gereelde basis gedurende die skooljaar geassesseer te word en dit maak ook voorsiening vir die assessering van vaardighede wat nie in 'n skriftelike formaat, bv. toetse of eksamens, geassesseer kan word nie. Dit is dus belangrik dat skole seker maak dat al die leerders die praktiese assesseringstake binne die toegelate tydperk voltooi om te verseker dat leerders aan die einde van die skooljaar hulle uitslae ontvang. Die beplanning en uitvoering van die PAT verskil van vak tot vak. Die vak Dansstudies het EEN praktiese assesseringstaak (PAT).

Hierdie dokument handel oor die graad 12-NSS-PAT. Alle provinsies moet hierdie riglyne administreer, aangesien die PAT 'n VERPLIGTE nasionale vereiste is.

Hierdie dokument moet saam met die volgende gelees word:

- Die *Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV):* Dansstudies (die algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse kurrikulum kan op bladsy 4 en 5 gevind word)
- Die nasionale beleid met betrekking tot die program- en promosievereistes van die *Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV), Graad R–12*
- Die beleidsdokument, *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R–12*
- Hersiene Graad 12-KABV-wysigings 2020
- Hersiene Nasionale Herstelplan, KABV, Afdeling 4: 2021–2023
- Nasionale Herstelplan JOP'e (Jaarlikse Onderrigplanne) Graad 10–12: 2023–2024

Dansstudies het ten doel om:

- Die liggaam as 'n instrument van uitdrukking te ontwikkel
- Veilige danspraktyke te bevorder
- Die leerder se danstegniek, styl, vorm en opvoervermoëns in 'n gekose dansvorm te ontwikkel
- Leerders aan danse van verskillende kulture bloot te stel
- Improvisasie en probleemoplossingsvaardighede te ontwikkel
- Leerders in staat te stel om hulle eie choreografieë te skep, te produseer en aan te bied
- Die vermoë te ontwikkel om krities te ontleed, te reageer, te geniet en oordeelkundige besluite oor dans te maak
- Deur middel van dans die vermoë te ontwikkel om by sosiale, kulturele, omgewings- en gemeenskapskwessies betrokke te raak

2. JAARLIKSE ASSESSERINGSPROGRAM

Daar is VYF formele take vir die jaar:

- **Taak 1, 2 en 3** is skoolgebaseerde assessering (SGA/'SGA')
- **Taak 4** is 'n praktiese assesseringstaak (PAT) wat deel van die finale eksamenpunt is
- **Taak 5** is die NSS Vraestel 2-eksamen en die NSS Vraestel 1 skriftelike eksamen

<table>
<tr><th colspan="4">GRAAD 12 JAARLIKSE ASSESSERINGSPROGRAM VIR DANSSTUDIES</th></tr>
<tr><th colspan="4">SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING – SGA = 25% VAN JAARPUNT</th></tr>
<tr><th>KWARTAAL 1</th><th>KWARTAAL 2</th><th>KWARTAAL 3</th><th>KWARTAAL 4</th></tr>
<tr><td>TAAK 1
Skriftelike toets = 50 punte (minimum)</td><td>TAAK 2
Halfjaar skriftelike eksamen = 150 punte</td><td>TAAK 3
Voorbereidende eksamen
Vraestel 1 skriftelike eksamen = 150 punte</td><td rowspan="4"></td></tr>
<tr><td>10% gewigswaarde</td><td>15% gewigswaarde</td><td>25% gewigswaarde</td></tr>
<tr><td>Evalueringstaak = 50 punte (minimum)</td><td>Halfjaar praktiese eksamen = 100 punte</td><td>Voorbereidende eksamen
Vraestel 2 praktiese eksamen = 100 punte</td></tr>
<tr><td>10% gewigswaarde</td><td>15% gewigswaarde</td><td>25% gewigswaarde</td></tr>
<tr><td colspan="3">Gewigswaarde van die drie take = 100% van die totale SGA-jaarpunt</td><td></td></tr>
<tr><td colspan="4">SGA = 25% VAN DIE JAARPUNT (50% skriftelik en 50% prakties)</td></tr>
<tr><th colspan="4">EKSAMEN = 75% VAN JAARPUNT</th></tr>
<tr><th>KWARTAAL 1</th><th>KWARTAAL 2</th><th>KWARTAAL 3</th><th>KWARTAAL 4</th></tr>
<tr><td colspan="2">TAAK 4 PAT</td><td colspan="2">TAAK 5</td></tr>
<tr><td>PROSES
Prakties = 25 punte
Skriftelik = 25 punte</td><td>PRODUK
Prakties = 25 punte
Skriftelik = 25 punte</td><td>NSS Vraestel 2 praktiese eksamen = 100 punte</td><td>NSS Vraestel 1 skriftelike eksamen = 150 punte omgeskakel na 100 punte</td></tr>
<tr><td>15%</td><td>15%</td><td>35%</td><td>35%</td></tr>
<tr><td colspan="4">Die gewigswaarde van die twee take = 100% van die totale EKSAMEN-jaarpunt</td></tr>
<tr><td colspan="4">PAT = 100 punte: 25% VAN EKSAMENPUNT (50% skriftelik en 50% prakties)
FINALE EKSAMEN = 200 punte: 50% VAN EKSAMENPUNT
(50% skriftelik en 50% prakties)</td></tr>
</table>

3. ADMINISTRASIE VAN DIE PAT EN ONDERWYSERRIGLYNE

Die doel en voordele van die PAT is om leerders inhoud, konsepte, vaardighede, bevoegdhede, houdings, waardes en noodsaaklike lewensvaardighede wat in die 21ste eeu nodig is, te leer. Die PAT moedig 'n aktiewe en kritiese leerbenadering aan, eerder as om gegewe waarhede soos 'n papegaai te leer ('rote learning'). Onderwysers is daarvoor verantwoordelik om hierdie proses saam met leerders te lei en te navigeer.

3.1 PAT-nakoming met betrekking tot NSS-uitslae

- Hierdie 2026 PAT-dokument moet in alle provinsies geïmplementeer word deur onderwysers en skole wat graad 12-Dansstudies aanbied.
- Die doel van hierdie riglyne is om gedetailleerde instruksies aan onderwysers en leerders te verskaf oor hoe om die PAT-inhoud te administreer en te bestuur om aan KABV-vereistes vir eksterne moderering van nakoming te voldoen.
- Onderwysers is verantwoordelik vir die aanbied van bewyse van die PAT (video-opnames, joernale en programnotas) vir eksterne modereringsdoeleindes.

3.2 Assesserings- en modereringsvereistes

Struktuur van die PAT
Die praktiese assesseringstaak (PAT) bestaan uit twee komponente, naamlik proses en produk. Elk van hierdie komponente bestaan uit twee verpligte afdelings. Die komponente en afdelings word hieronder uiteengesit:

- Proseskomponente
  - Joernaal-skryf en Beplanning: Leerders dokumenteer hulle choreografiese reis, onder meer konseptuele ontwikkeling, navorsing en beplanning.
  - Praktiese Eksperimentering en Beplanning: Leerders verken bewegingsidees, danselemente en choreografiese strukture en verfyn hulle werk deur repetisie.
- Produkkomponente
  - Joernaal-skryf en Programnota: Finale besinning/nadenke en kontekstuele aantekeninge wat die opvoering vergesel.
  - Finale Danswerk: 'n Voltooide choreografie van 'n groepdans, van 'n minimum van 3 minute, individueel of in 'n groep gechoreografeer.

Gewigswaarde en Tydsduur

- Die dele van die PAT is dra dieselfde gewig:
  - 50% prakties (opvoering en eksperimentering)
  - 50% skriftelik (joernale en programnota)
- Hierdie gewigswaarde mag NIE aangepas word NIE.
- Die finale choreografie moet ten minste 3 minute lank wees.

Joernaal- en Dokumentasievereistes

- Joernale moet beide proses- en produkfases van die PAT weerspieël. **Afdeling 3** van die PAT-dokument brei uit oor joernaalverwagtinge.
- Leerders kan ook hulle prosesse deur mondelinge aanbiedings en videojoernale aanbied. Dit moet saam met die joernaal en finale PAT-video ingedien word as bewys vir moderering.

Assesseringsinstrumente en Nasien

- Die opnameblaaie op bladsy 26, 29 en 30 moet gebruik word om die punte vir elke afdeling, wat benodig word vir die voltooiing van hierdie PAT, vas te lê.
- Die nasienrubrieke op bladsy 27, 28, 31, 32 en 33 rig die toekenning van punte volgens leerderprestasie.
- 'n Nulpunt mag NIE toegeken word NIE behalwe as 'n leerder gedurende alle assesseringsareas afwesig was. In hierdie geval moet die nodige dokumentasie verskaf word wat die redes vir nie-indiening staaf.

Kopiereg voorbehou

Individuele Assessering en Moderering

- Elke leerder word individueel geassesseer, selfs binne 'n groepschoreografie-omgewing. Punte moet dus elke leerder se persoonlike bydrae en deelname aan beide proses en produk weerspieël.
- Die proses openbaar dikwels dieper insigte in elke leerder se voorbereiding, kennis, eksperimentering en kreatiwiteit. Onderwysers moet die proses deeglik monitor en dokumenteer om elke leerder se bydrae te bekragtig.

Opvoering en Bewysversameling

- Die PAT kan as 'n publieke opvoering, 'n skool-/byeenkoms-optrede, 'n dansklasaanbieding, ens. aangebied word.
- Onderwysers is verantwoordelik vir die samestelling van video-opnames van elke leerder/groep se praktiese choreografieproses, finale choreografie, joernale en programnotas.
- Hierdie dokumentasie moet beide proses- en produk-elemente insluit.

Onderwyserportefeulje en Modereringsgereedheid

- Die onderwyser se portefeulje moet die volgende insluit: puntestate met leerders se name, datum van assessering, handtekeninge en finale punte.
- Ná voltooiing van die PAT moet alle joernale en videobewyse van die proses en produk gereed wees vir interne en eksterne moderering deur DH's/provinsiale amptenare/DBO en Umalusi.

3.3 PAT-implementering vir Dansstudies

- Die PAT is 'n verpligte komponent van die finale graad 12-VOO-bevorderingspunt.
- Versuim om die PAT te voltooi, sal 'n onvoltooide/onvolledige punt tot gevolg hê en die leerder sal nie aan die einde van die jaar resultate kry nie.

KWARTAAL 1 PAT-PROSES	KWARTAAL 2 PAT-PRODUK	PAT-JAARPUNT (25%)
• 25 punte skriftelik • 25 punte prakties	• 25 punte skriftelik • 25 punte prakties	**100 PUNTE**
50 PUNTE	**50 PUNTE**	

3.4 Tydraamwerk

- Daar word aanbeveel dat die PAT in kwartaal 1 en 2 gedoen word. Tyd moet binne die skoolrooster van beide kwartale toegeken word. Dit moet beide die praktiese en geskrewe afdelings insluit.
- Bykomende tyd gedurende tussenposes/pouses en ná skool kan tussen die onderwyser en die leerders gereël word vir terugvoering en individuele aandag. Dit sal onderwysers in staat stel om groepe by te staan/te lei met enige area/geestelike hindernisse wat hulle kan teëkom, asook raad vir verbetering te gee.
- Finale assesseringsdatums moet vooraf aan leerders/die skool verskaf word.

3.5 Ontwikkeling van 21ste-eeuse vaardighede

- Die 21ste-eeuse leerruimte bevorder die 4K's – koöperasie (samewerking), kritiese denke, kreatiwiteit en kommunikasie.
- 21ste-eeuse leer behels hoë denkvlakke, sosiale interaksie, betrokkenheid, verkenning van digitale geletterdheid en die ontwikkeling van visuele geletterdheid.
- Die 21ste-eeuse onderwyser moedig bespreking aan, skep 'n gevoel van gemeenskap en stel leerders in staat om te sê wat hulle eie idees is en leer deur digitale platforms te verken.
- Die 21ste-eeuse leerder verbind hulle daartoe om vaardighede te ontwikkel deur in groepe te werk, hulle vermoë om innoverend te wees, op te bou en om nuuskierige kennissoekers te wees om probleme op te los.
- Klasse moet daarop gemik wees om geleenthede in te sluit om 21ste-eeuse vaardighede, die 4K's, 'n hupstoot te gee.

3.6 Voorbereiding

- Daar word van onderwysers verwag om 'n onderrigplan te ontwerp wat geskik is vir die onderrig- en leerkonteks van hulle spesifieke skool. Voorbeelde van planne kan die volgende insluit:
  - Weeklikse plan (een les per week)
  - 'n Plan vir 15 minute aan die einde van elke praktiese les
  - Moduleplan (elke les vir een week per kwartaal)
- Leerders moet deur die hele proses onder toesig wees en moet nie die PAT kry om buite die skoolrooster sonder toesig te doen nie. Beide die praktiese en geskrewe komponente moet in die kwartaalbeplanning in ag geneem word.
- Onderwysers is verantwoordelik vir die bestuur van die leerders ná skoolure/gedeelde tyd vir die gebruik van lokale/toerusting, ens. en om hulle veiligheid te verseker. Dit vereis dat onderwysers op die terrein is terwyl leerders repeteer.
- Onderwysers is verantwoordelik vir die hou van 'n bywoningsregister vir alle lesse vir alle leerders.
- Daar word van onderwysers verwag om die proses te monitor om te verseker dat punte geldig en betroubaar is.

3.7 Lesbeplanning

- 'n Effektiewe lesplan versterk die leerkrag van leerders. Dit help leerders dus om te beweeg van kennisontvangers na aktiewe soekers van leer en betrokkenheid.
- Onderwysers moet gedetailleerde lesplanne opstel wat die proses wat die leerders moet volg wanneer hulle choreografeer, beskryf.
  - Besluit watter hulpbronne (video's, musiek, rekwisiete, ens.) benodig word.
  - Beplan die praktiese en skriftelike aktiwiteite wat saam met die leerders uitgevoer moet word. Die skriftelike aspek moet wat in die praktiese klas gedoen word, weerspieël.
  - Beplan navorsingsaktiwiteite, bv. lees artikels, kyk video's, luister na podgooie en skep breinkaarte.
  - Fasiliteer improvisasie-aktiwiteite wat danselemente (ruimte, tyd en krag) en choreografiese strukture (kanon, stilte, unisoon-beweging, herhaling, motiewe, simmetrie en asimmetrie) ondersoek.

3.8 Organiseer die leerders

Verspreiding van PAT-instruksie-opdrag

- Elke leerder moet 'n afskrif van die amptelike PAT-instruksie-opdrag ontvang. Indien kleurdrukwerk nie beskikbaar is nie, moet alternatiewe metodes gebruik word om te verseker dat leerders die opdrag in volkleur sien. Projekteer byvoorbeeld die opdrag op die klaskamerbord, deel 'n elektroniese weergawe via e-pos, *WhatsApp* of Leerbestuurstelsel, druk een kleurkopie en vertoon dit prominent in die klaskamer.

Groepvorming en Deelname

- Onderwysers kan bepaal hoe leerders gegroepeer word, maar die volgende riglyne geld:
  - Leerders kan in groepe van 3–6 werk.
  - 'n Leerder kan alleen werk as hulle 'n groep/geselskap dansers het, of in 'n paar, mits die choreografiese werk 'n groepdans bly.
- Die PAT vereis 'n groepschoreografie. Solo's en duette word NIE toegelaat as finale PAT-voorleggings NIE.

Groepschoreografie en Individuele Aanspreeklikheid

- Elke groep moet een choreografiese werk lewer, met alle lede wat betekenisvol bydra.
- Ten spyte van die groepsaard van die choreografie, moet elke leerder individueel 'n joernaal indien wat hulle proses dokumenteer, onder meer 'n skriftelike weergawe van hulle spesifieke bydrae tot die choreografie en 'n mondeling of video-aanbieding, wat hulle choreografiese proses en kreatiewe insette weerspieël.

Insluiting van Dansers in Ander Grade

- In gevalle waar daar slegs een of twee graad 12-leerders is of waar graad 12-leerders alleen of in pare werk, kan dansers van laer grade gebruik word om in die choreografie op te tree.
- Die graad 12-leerder(s) moet steeds verantwoordelik wees vir die choreografiese regie en dokumentasie.
- Onderwysers moet hierdie proses fasiliteer, en leerders moet nie die PAT kry om op hulle eie te voltooi nie.

Sperdatums en Verbintenis tot Keuse

- Onderwysers moet die belangrikheid dat leerders hulle verbind tot hulle gekose groep en choreografiese bedoeling/tema beklemtoon om nakoming van tye, gladde repetisiebeplanning en voltooiing van die PAT binne die vereiste tydsgrense te verseker.

3.9 Joernaalvereistes

- Elke leerder moet 'n aangewese joernaal hê vir die geskrewe inhoud van die proses en produk van die PAT. Die PAT moet nie in die taakboek gedoen word wat vir algemene studiedoeleindes gebruik word nie.
- Die leerderriglyne (instruksies aan leerders) op bladsy 12–18 van die PAT-dokument moet aan leerders verskaf word om hulle van al die vereistes bewus te maak.
- Leerders moet die nasienkriteria (puntestate en rubrieke) op bladsy 26–33 ontvang voordat hulle met die PAT begin om hulle beplanning en voorbereiding te rig.
- Alhoewel die geskrewe werk 'n persoonlike weergawe van 'n leerder se eie ervarings is, moet die onderwyser die nadenke/besinningsproses lei.
- Daar word van onderwysers verwag om die leerders se skriftelike werk gereeld te lees om vordering te monitor en terugvoering vir verbetering in die joernale te gee. Gereelde terugvoering vir verbetering moet ook tydens klastyd gegee word.
- Onderwysers moet seker maak dat elke leerder 'n joernaal het en dat dit na elke PAT-les gebring word.
- Die joernaal kan in 'n hardekopieboek of digitaal gedoen word via toepassings soos *Google Docs/Slides*, *Canva.*
- Onderwysers moet die belangrikheid van die joernaal met die leerders bespreek.
  'n Joernaal is nuttig om:
  - Vordering te monitor
  - Algemene beplanning en voorbereiding te doen
  - Die gebruik van danselemente en choreografiese strukture te beplan
  - Produksie-elemente te ontwerp
  - Groep- en selfbesinning deur die hele proses te neer te skryf
  - 'n Programnota te beplan en ontwerp
- Die joernaal word deur die hele proses- en produkfases van die PAT bygehou.
- Leerders word aangemoedig om 'n videojoernaal te hou wat die hele choreografiese proses dokumenteer. Dit moet rekord hou van hulle vordering, beeldmateriaal van improvisasie, nadenke/besinning oor die proses, besluitneming en beplanning vir produksie-elemente.

3.10 Programnotavereistes

- Onderwysers moet leiding gee met betrekking tot die programnota wat die volgende insluit:
  - 'n Titel
  - Sinopsis/Bedoeling
  - Die choreograwe, opvoerders en produksiespan
  - Kreatiewe ontwerp (kleur-, uitleg-, lettertipe- en beeldkeuses)
- Die ontwerp van die programnota moet direk verband hou met die gekose tema/bedoeling.

3.11 Begeleiding van leerders in die saamstel van 'n finale produk

1. **Plaas denkprosesse in 'n konkrete konsep deur die gekose tema na te vors/ondersoek**
   - Onderwysers moet leerders met hulle navorsing lei en hulle help om te beplan en te eksperimenteer om hulle tema/bedoeling in choreografie uit te beeld.

2. **Interpretasie van die gegewe idee/tema/storie in relevante bewegingswoordeskat**
   - Onderwysers moet improvisasie- en verkenningsaktiwiteite fasiliteer om relevante bewegingswoordeskat te skep wat simbolies van hulle gekose tema is.
   - Onderwysers moet leerders lei oor hoe om dit te verken deur gebare, motiewe en kort bewegingsfrases te gebruik.

3. **Inkorporering van danselemente (ruimte, tyd en krag)**
   - Onderwysers moet aktiwiteite fasiliteer wat die gebruik van danselemente ondersoek sodat leerders 'n diepgaande begrip kan hê van hoe dit gebruik kan word.
     Voorbeelde:
     - Ruimte – verken verskillende vlakke, positiewe en negatiewe ruimtes, rigtings, unisoon, begin en einde, ens.
     - Tyd – ondersoek die spoed van bewegings, stilte, kanon en unisoon, ens.
     - Krag – verkenning van dinamiek, kontras, bewegingskwaliteit (bv. sag, hard, rof en kalm/bedaard)

4. **Inkorporering van choreografiese strukture/toestelle**
   - Let daarop dat dit met danselemente oorvleuel.
   - Onderwysers moet aktiwiteite fasiliteer wat die gebruik wat verskillende choreografiese strukture ondersoek (bv. kanon, unisoon, patrone, stilte, motiewe, tegnologie, herhaling) en leerders help om choreografiese strukture wat gepas is vir die tema/bedoeling van hulle choreografie te kies en toe te pas.

5. **Verken verskillende soorte musiek en/of begeleiding**
   - Onderwysers word aangemoedig om 'n verskeidenheid verskillende musieksoorte en begeleiding in die fasilitering van die PAT te gebruik.
   - Onderwysers moet leerders lei in die keuse van musiek en/of begeleiding wat geskik is vir die tema/bedoeling van hulle choreografie.

6. **Seleksie en redigering**
   - Onderwysers moet leerders lei in die keuse van die mees relevante bewegingswoordeskat wat hulle tydens die eksperimenteringsproses ontwikkel het.
   - Onderwysers moet leerders lei om 'n geskikte opvoerruimte vir die choreografie (konvensionele/nie-konvensionele ruimtes) te kies.

7. **Ontwerp van produksie-elemente**
   - Beplanning vir die gebruik van produksie-elemente deur elke leerder, moet nie tot hulle werklike optrede/opvoering beperk word nie.
   - Leerders moet aangemoedig word om dit wat hulle in die produksie sou gebruik, indien hulle toegang tot onbeperkte hulpbronne gehad het, te ontwerp/skep/konseptualiseer.
   - Die relevansie/simboliek van hoe produksie-elemente die betekenis van die werk sal versterk, moet in die leerderjoernale verduidelik word.
   - Onderwysers moet simboliek bespreek en leerders herinner hoe dit gebruik kan word om die choreografie te verbeter.

8. **Repetisie en afronding van die danswerk vir 'n finale opvoering**
   - Onderwysers moet leerders aanmoedig om bykomende tyd buite klastyd te vind om hulle werk te repeteer en af te rond.

9. Ontwerp 'n programnota

- Onderwysers moet leiding gee oor die vereistes en inhoud van die programnota.

10. 'n Verklaring van egtheid word van elke leerder vereis wat verklaar dat hulle choreografie nie plagiaat is nie.

11. Leerdernadenke/-besinning

- Onderwysers moet die leerders regdeur die PAT begelei om groepsbesinning oor die proses te doen. Finale besinning oor hoe die groep gewerk het (interaksies, positiewe en negatiewe waarnemings) moet in die joernaal voltooi word wanneer die finale produk aangebied word.
- Onderwysers moet die leerders regdeur die PAT lei om selfbesinning oor die proses te doen. 'n Finale selfbesinning (sterk punte/swak punte/groei) moet in die joernaal voltooi word wanneer die finale produk aangebied word.

Kopiereg voorbehou

4. PAT-TEMA VIR 2026

Becoming

THREADS OF TIME

NOOI DANSSTUDIES-LEERDERS UIT OM DIE KONSEP VAN TRANSFORMASIE DEUR PERSOONLIKE, KULTURELE EN HISTORIESE LENSE TE ONDERSOEK. DIT BEKLEMTOON HOE IDENTITEIT, SAMELEWING EN GEHEUE OOR TYD VERWEEF WORD, EN HOE DANS 'N KRAGTIGE MEDIUM KAN WEES OM HIERDIE ONTWIKKELENDE DRADE TE BELIGGAAM EN UIT TE DRUK.


Verlede Hede Toekoms

WAT IS die DOEL?

DIE PAT MOEDIG PERSOONLIKE UITDRUKKING, OUTENTIEKE WERK EN HOLISTIESE BEGRIP VAN CHOREOGRAFIE AAN.

DIT ONTWIKKEL KREATIEWE, TEGNIESE EN REFLEKTIEWE VAARDIGHEDE DEUR DIE PROSES VAN IMPROVISASIE, KOMPOSISIE, OPVOERING, EN KRITIESE REFLEKSIE.

DIT LAAT JOU TOE OM SPANWERK, LEIERSKAP EN OORSPRONKLIKHEID TE DEMONSTREER TERWYL JY ONDERSOEK HOE DANSELEMENTE EN PRODUKSIEKEUSES BETEKENIS KOMMUNIKEER.






https://bit.ly/4lv5hgL

5. LEERDERRIGLYNE: PAT-OPDRAG

"WE ARE NOT MAKERS OF HISTORY.
WE ARE MADE BY HISTORY."

- MARTIN LUTHER KING JR.







https://bit.ly/44LRLhq



https://bit.ly/466jrzX



Echoes from the past

By: Patrik Pietschmann

https://bit.ly/3TB4a2G

VERLEDE

http://bit.ly/4lwFlRP



Poems about The Past : Echoes of Time, Memory, and Meaning

The Value of Experience: How Our Past Shapes Our Present and Future

Naman Jain · Follow · 3 min read · Aug 2, 2023


Introduction:


Our past experiences, both good and bad, play a significant role in shaping who we are today and who we will become in the future. They influence our thoughts, behaviors, and decisions, and ultimately, our destiny. In this blog post, we will delve into the value of experience and how our past can shape our present and future.

https://bit.ly/4lnTZux

The bright rope,
untangled and free,
reminds us within
our solitude,
our fate is tied to
another.
Rope binds us like
blood:
woven with faith,
unfrayed by fear,
made brave by love.


https://bit.ly/46cEi4M








Every choice you make shapes your future



http://bit.ly/46e1Upx

You create a good future by creating a good present.



https://bit.ly/3Ixxq8g


"*Solo Echo*'s theme seems to be maintaining one's individuality amidst the journey of life, finding contentment instead of resentment, no matmatter the circumstances."

Lambrecht Wessels, 04 April 2019



H E D E











"Realize deeply that the present moment is all you have. Make the NOW the primary focus of your life."

Eckhart Tolle
The Power of Now





https://bit.ly/4lQjt3s

Conjuring Movement and Social Change in the Now

Marjani Fortè-Saunders, Amara Tabor-Smith, and Jennifer Harge

Dance/USA Fellowships to Artists · Follow · 11 min read · Sep 14, 2020

By Halifu Osumare, Ph.D.

https://bit.ly/4kHd8GE



TOEKOMS









"The best way to predict your future is to create it." - Abraham Lincoln






When Dancers Find Their Voices on Stage
Dounia Dolbec



https://bit.ly/40oU6gX



https://bit.ly/4kTQP0I



https://bit.ly/3GPqyCw

The Future of Dance: What to Expect in 2025
January 14, 2025 0 comments



https://bit.ly/4lVUdZB

A NEW ERA OF ME. BE BOLD



https://bit.ly/46T59mq

5.1 Leerderinstruksies

- Jy kan individueel, in pare of in groepe van 3–6 werk om hierdie PAT te voltooi.
- Daar word van jou verwag om 'n groepsdans van 'n minimum van 3 minute te choreografeer met behulp van die *stimulus/tema* wat verskaf word.
- Hierdie PAT sal vir *lewendige optrede* in 'n *konvensionele of nie-konvensionele opvoerruimte* gechoreografeer word. Jy kan dit ook wysig vir 'n *dansfilm*.
- Hierdie PAT kan opgevoer word as 'n openbare/skoolopvoering/byeenkoms/in die dansklas of aanlyn.
- 'n Afskrif van jou PAT-opdrag sal aan jou gegee word. Hierdie opdrag moet by jou joernaal ingesluit word.
- Jy sal ook die puntestate en nasienrubrieke kry wat gebruik sal word om jou werk te assesseer.
- Daar word van jou verwag om 'n aparte choreografiejoernaal by te hou om jou PAT-proses van begin tot einde te dokumenteer, deur die PAT-proses en kontrolelyste wat verskaf word, te volg.

5.2 Groepwerk

- As daar in 'n groep gewerk word, moet elke groepslid ten volle deelneem aan die proses om 'n idee vanaf die beginstadiums tot die finale produksie van die voltooide werk te ontwikkel. Elke individuele joernaal moet hierdie bydrae tot die ontwikkeling van die idee duidelik dokumenteer.
- Hierdie PAT sal jou vermoë toets om as 'n span te werk en leierseienskappe en inisiatief te toon. Daar sal van jou verwag word om saam te werk, te kommunikeer en probleme op te los, beide as 'n groep en individueel.

5.3 Tydsraamwerk

- Die PAT behoort ongeveer 8–10 weke te neem om te voltooi. Gedurende skool sal daar klastyd aan jou toegeken word vir improvisasie en repetisie.
- Jy sal elke week ekstra tyd moet maak as jy jou begrip van improvisasie en choreografie wil verdiep en 'n betekenisvolle finale produk wil aanbied.
- Die PAT is deurlopend en jou onderwyser sal jou verskeie geleenthede bied om aan te hou verbeter soos wat jy leiding ontvang en jou vaardighede ontwikkel.
- Jy word aangemoedig om 'n videojoernaal te hou wat die hele choreografiese proses dokumenteer. Dit moet rekord hou van jou vordering, beeldmateriaal van improvisasie, besinning/nadenke oor die proses, besluitneming en beplanning vir produksie-elemente.

Kopiereg voorbehou

5.4 Ontleding van die choreografiese proses

Kom ons kyk na die **formaat** van jou PAT-taak:

Proses

Konseptualisering deur die ontwikkeling en verwesenliking van kreatiewe idees

Hier sal jy jou inspirasie vind, navorsing bymekaarmaak, eksperimenteer en jou idees verken.

Jy sal punte kry vir:

- Joernaalskryfwerk/-beplanning = 25 punte
- Praktiese eksperimentering = 25 punte

Produk

Maak, aanbied, dokumenteer en besin oor jou finale kreatiewe werk

Hier sal jy werk om jou finale dans aan te bied. Jy sal ook veilige danspraktyke moet oorweeg, hoe om jou proses en finale choreografie te dokumenteer, watter omgewing/rekwisiete/ kostuums/beligting jy sal gebruik om jou werk te verbeter.

Jy sal punte kry vir:

- Joernaalskryfwerk en programnota = 25 punte
- Praktiese voltooide danswerk = 25 punte

Die Joernaal

Jou PAT-joernaal is waar jy die ontwikkeling van jou danswerk vanaf die begin van die opdrag tot die verwesenliking van jou finale idees sal aanteken.

Dit sal al jou idees, navorsing, refleksie en beplanning insluit.

Jou joernaal:

- Moet 'n **rekord van jou persoonlike reis** wees. Dit moet jou inspirasie, navorsing en planne bevat om jou idees lewe te gee.
- Moet insig gee in hoe jy van plan is om aan die vereistes van die PAT-opdrag te voldoen
- Moet visuele beelde/prente, aanhalings, artikels, 'n video, ens. van jou idees bevat, soos wat dit gedurende die choreografiese proses ontwikkel
- **Moet al jou denkprosesse** wat gelei het tot die maak van jou finale danswerk, **duidelik oordra**
- Moet jou **individualiteit**, **begrip** en **kreatiwiteit** as 'n Dansstudie-leerder weerspieël
- Alle skriftelike werk moet gedateer word om jou vordering deur die hele proses te toon.
- Beplanning en skep in jou joernaal is 'n proses wat gereelde aandag vereis en jy moet al jou idees wat tot die finale produk lei, neerskryf.
- Jy word aangemoedig om alle praktiese ondersoeke van jou choreografiese proses te verfilm. Dit moet jou vordering, filmwerk van improvisasie, besinning oor die proses, besluitneming en beplanning van produksie-elemente insluit.
- Is deurlopend deur die hele proses- en produkfases van die PAT
- Jy moet verwys na alle materiaal gebruik, onder meer *YouTube*-video's, prente, tekste, artikels, ens. Gebruik die APA- of Harvard-verwysingsstyl.

Programnota

By dansoptredes/-opvoerings dien programnotas om die gehoor se begrip en waardering vir die choreografie te versterk deur konteks, agtergrondinligting en insig in die opvoering te verskaf.

Punte om in ag te neem wanneer 'n programnota vir 'n dansopvoering ontwerp word:

Die ontwerp van die programnota moet direk met die gekose tema/bedoeling skakel.

- 'n Titel
- Sinopsis/Bedoeling
- Die choreograwe, dansers en produksiespan
- Kreatiewe ontwerp (kleur-, uitleg-, lettertipe- en beeldkeuses)

Voorbeelde van programnotas:


https://bit.ly/programmenotes

5.5 Leerderbegeleiding vir die ontwikkeling van die PAT

FASE 1



NAVORSING EN BEPLANNING



In hierdie fase sal jy 'n duidelike begrip ontwikkel van jou tema en hoe jy en jou groep graag wil voortgaan. Dit is 'n verkennende proses wat jou op 'n reis in die ontwikkeling van jou choreografie sal neem.

- Lees in jou groep deur die leerderopdrag en dinkskrum oor die verskillende temas. Maak aantekeninge hiervan in jou joernaal.
- Gebruik die voorbeelde van stimuli wat by elke opdrag verskaf word as 'n beginpunt om elke tema te verstaan.
- Kies die tema wat jy wil verken, ontwikkel en verder navors.
- Doen verdere navorsing oor die gekose tema deur na verskillende bronne vir inspirasie te kyk, bv. video's/snitte/visuele beelde/gedigte, teks, musiek.
- Versamel al jou navorsingsbevindinge en skep 'n breinkaart, stemmingsbord of konsepkaart in jou joernaal.

JOU JOERNAAL

- Aantekeninge wat tydens jou groepbesprekings oor die verskillende temas gemaak word. Menings oor die voorbeelde van navorsing wat in die leerderopdrag verskaf word.
- Verdere navorsing en ondersoek oor die gekose tema en hoe dit as 'n choreografie geïnterpreteer kan word.
- Skep 'n stemmingsbord, konsepkaart of breinkaart van al jou idees en hoe jy jou choreografie voorstel
- Onthou om dit by jou video te voeg en daaroor te praat in jou mondeling.



NSS-VRAAG GEKOPPEL AAN VRAESTEL 1

Nadat jy hierdie fase van die PAT voltooi het, behoort jy die volgende vraag te kan beantwoord:

- Verduidelik die rol van navorsing in 'n choreografiese proses.

FASE 2

Hierdie fase gaan heeltemal oor verkenning, eksperimentering en kreatiwiteit. Jy sal die verskillende bewegingsmoontlikhede rondom jou tema verken. Dit is jou kans om buite die alledaagse/gewone te dink en die konvensionele maniere om te beweeg, uit te daag.

IMPROVISASIE

- Nadat die verskillende bronne nagevors is, sal jy dit as stimulus/inspirasie vir improvisasie gebruik.
- Deur improvisasie, sal jy 'n bewegingstaal begin skep wat uniek aan die tema van jou dans is.
- Jou onderwyser sal jou ook deur 'n reeks begeleide improvisasielesse as 'n beginpunt neem. Let op hoe dit gedoen word sodat jy dieselfde kan doen wanneer jy in jou groep werk.
- 'n Goeie manier om te begin, is deur te eksperimenteer met verskillende stimuli wat in jou navorsingsproses versamel is.
- Bv. gebare, alledaagse bewegings, visuele beelde, aksiewoorde/werkwoorde, musiek, ens. Jy sal motiewe hieroor skep, dan bewegingsfrases abstraheer. Eksperimenteer met bekende bewegings/passies, en dink aan hoe jy dit kan verander om dit met jou gekose tema te laat verband hou. Eksperimenteer met kontakimprovisasie/vennootwerk (dansmaats).
- Onthou dat jy ook hierdie sessies sal wil opneem/verfilm.





JOU JOERNAAL

- Besin oor hoe jou improvisasie-idees/die groep se idees tot dusver met jou gekose tema verband hou.
- Dink na oor die motiewe en bewegingstaal wat besig is om rondom jou tema te ontwikkel, bv. die betekenis agter elke beweging.
- Dink na oor hoe die danselemente ruimte, tyd en krag ter sprake kom wanneer bewegings geskep word.
- Besin oor hoe jy/jou groep werk om die gewenste uitkoms van jou gekose tema te bereik (suksesse/areas wat verdere aandag nodig het).

NSS-VRAAG GEKOPPEL AAN VRAESTEL 1

Nadat jy hierdie fase van die PAT voltooi het, behoort jy die volgende vraag te kan beantwoord:

- Evalueer die doel van improvisasie in die skep van 'n choreografie.

Kopiereg voorbehou

FASE 3

In hierdie fase verken en ontwikkel jy jou bewegingstaal verder in die verkenning van verskillende musiekopsies.

BEWEGINGSMANIPULASIE EN MUSIEKVERKENNING

- Verken verskillende musiek en/of begeleiding deur te improviseer en met bewegings te eksperimenteer.
- Verken musiekgenres wat verskillende tempo's en klankeienskappe het, bv. gesproke woord, voorafopgeneemde klanklandskappe en perkussie-instrumentaal.
- Gee spesiale aandag aan hoe elk van die verskillende musiek-/begeleidingsopsies jou bewegings kan verander/beïnvloed.



JOU JOERNAAL


- Besin oor hoe die verskillende musiek/begeleiding die bewegings beïnvloed.
- Maak aantekeninge oor die verskillende musiekgenres ten opsigte van die styl/genre/ instrumentasie/komponis/toonkleur, ens.
- Dink na oor jou finale keuse van musiek en hoe dit bydra tot die tema van jou dans. Sluit die besonderhede van die musiekstyl/genre/ instrumentasie/komponis in.
- Dink na oor hoe die danselemente van RUIMTE, TYD en KRAG deur die musiek beïnvloed is.



NSS-VRAAG GEKOPPEL AAN VRAESTEL 1

Nadat jy hierdie fase van die PAT voltooi het, behoort jy die volgende vraag te kan beantwoord:


- Verduidelik hoe die musiek die bewegings-kwaliteit beïnvloed het.



FASE 4

BEWEGINGSMANIPULASIE EN OPVOERRUIMTES

- Jy sal beweging in verskillende ruimtes verken wat by jou tema aansluit. Gee aandag aan hoe dit jou bewegingstaal beïnvloed. Wat kan in die ruimte gedoen word en wat kan nie? Hoe kan die ruimte gebruik word om die tema van die dans te versterk?
- **Film:** Oorweeg hoeke, skote, (nabyskote vs. wye skote), redigering, effekte, ens.
- **Lewendig:** Posisie van die gehoor, ingange en uitgange, ens.
- Gaan voort om ander areas te verken wat jy nou wil insluit sodra jy besluit het, bv.:
  - Gebruik rekwisiete
  - Gebruik dele van die omgewing in jou bewegings, bv. in 'n boom, om 'n pilaar
- Wanneer jy en jou groep besluit het op julle finale ruimte, ondersoek jou ruimte deur jou bewegings te manipuleer om by die ruimte aan te pas.
- Jou ruimte sal bepaal hoe jy die danselemente hieronder genoem, sal gebruik:
  - Tyd – is jou bewegings vinnig of stadig/stil (roerloos), ens. en hoe hou dit verband met/hoe verbeter dit jou tema?
  - Krag – hoeveel energie/krag/kontraste in krag gebruik jy vir verskillende bewegings en hoe sal dit die emosionele boodskap wat jy wil oordra, simboliseer?
  - Ruimte – hoeveel ruimte sal jy gebruik (baie min/groot) vlakke, rigtings, patrone, simmetrie/ asimmetrie, ens. en hoe hou dit verband/versterk/ voeg by die simboliese waarde van jou gekose tema?



JOU JOERNAAL

- Besin oor die verskillende ruimtes wat jy verken en waarin jy geëksperimenteer het. Skryf oor hoe die bewegings moes verander t.o.v. ruimte, tyd en krag.
- Besinning oor die finale ruimte en hoe dit die tema van jou choreografie verbeter.
- Dink na oor hoe elke element gemanipuleer is om die tema van die choreografie oor te dra.



NSS-VRAAG GEKOPPEL AAN VRAESTEL 1

Nadat jy hierdie fase van die PAT voltooi het, behoort jy die volgende vraag te kan beantwoord:

- Verduidelik die verskille en/of ooreenkomste van 'n nie-konvensionele en konvensionele ruimte.

FASE 5

BEWEGINGSMANIPULASIE: CHOREOGRAFIESE STRUKTURE

In hierdie fase sal jy strukturering van jou dans ondersoek deur jou choreografiese strukture te gebruik.

- Begin om jou improvisasie-idees te konsolideer/maak keuses oor wat jy wil gebruik om jou bedoeling oor te dra.
- Inkorporeer choreografiese strukture wat jou danswerk sal verbeter:
  - Neem jou begin en einde in ag
  - Frasering van jou bewegingsfrases
  - Klimaks
- Repeteer/Rond jou groepsdans af. Neem beurte om uit te stap, na die werk te kyk en kommentaar te lewer op hoe die dans verbeter kan word – sterk en swak punte.
- Bemeester tydsberekening/spasiëring/oorgange tussen bewegings/dinamiek/energie en opvoerkwaliteit.
- Gee jou bewegings steeds betekenis aan jou bedoeling/idee/tema? Bou dit op die atmosfeer/ bedoeling wat jy wil skep?
- Is die begin en einde van die dans kragtig/maak dit 'n stelling/is dit relevant tot die bedoeling?
- Oorweeg die inkorporering van idees wat tegnologie gebruik, gemengde media (woorde/beeldwerk/ projeksies/spesiale effekte, ens. indien dit die finale opvoer van jou dans sal verbeter).





JOU JOERNAAL

- Besin oor die verskillende ruimtes wat jy verken het en waarin jy geëksperimenteer het. Skryf oor hoe die bewegings moes verander t.o.v. ruimte, tyd en krag.
- Besinning oor die finale ruimte en hoe dit die tema van jou choreografie verbeter.
- Dink na oor hoe elke element gemanipuleer is om die tema van die choreografie oor te dra.





NSS-VRAAG GEKOPPEL AAN VRAESTEL 1

Nadat jy hierdie fase van die PAT voltooi het, behoort jy die volgende vraag te kan beantwoord:


- Analiseer hoe jy die choreografiese strukture en/of danselemente gebruik het om die bedoeling van jou dans oor te dra.

Kopiereg voorbehou

FASE 6

PRODUKSIE-ELEMENTE

In hierdie fase sal jy jou produksie-elemente finaliseer.
Wees kreatief/oorspronklik en vry in jou skeppings. Moenie jouself beperk tot die werklike opvoering waaraan jy werk nie. Verbeel jou jy het 'n onbeperkte begroting!
Dit behels die ontwerp van jou kostuum, beligting, stel en rekwisiete vir die opvoer van jou finale choreografie. Onthou dat jou keuse jou bedoeling moet weerspieël en dit moet kan oordra.





JOU JOERNAAL

- Skryf oor, teken en ontwerp die volgende produksie-elemente wat jy in jou dans-choreografie wil gebruik. Onthou om te beskryf waarom jy hierdie elemente ingesluit het en hoe dit die danswerk sal verbeter/betekenis en simboliek sal bydra.
- Verhoogruimte – konvensionele/nie-konvensionele ruimtes – beskryf/teken dit en verduidelik waarom jy hierdie ruimte wil gebruik en hoe jy dit gaan gebruik.
- Beligting/Tegnologie/Spesiale effekte – beskryf/ teken en verduidelik hoe dit jou danswerk gaan verbeter en atmosfeer sal bydra.
- Stelle/Rekwisiete/Beelde/Siklorama – as jy enige hiervan insluit, waarom? Hoe is dit belangrik vir die bedoeling van jou werk?
- Kostuums – beskryf/teken en verduidelik hoe dit belangrik is om by die bedoeling/simboliek/ander elemente in jou danswerk by te dra.
- Gebruik jy gemengde media in jou werk en, indien wel, hoe gaan dit met jou bewegingswoordeskat gekombineer word? Hoe sal dit tot die bedoeling van jou werk bydra?

NSS-VRAAG GEKOPPEL AAN VRAESTEL 1

Nadat jy hierdie fase van die PAT voltooi het, behoort jy die volgende vraag te kan beantwoord:

- Verduidelik hoe elke produksie-element die simboliese betekenis van jou choreografie oordra.

FASE 7

ONTWERP VAN 'N PROGRAMNOTA


Skep 'n programnota wat innoverend is en direk verband hou met die tema van jou choreografie.

Wees kreatief en sluit die volgende inligting in:

- 'n Interessante titel vir jou werk
- 'n Opsomming wat die bedoeling van jou dans kommunikeer
- 'n Interessante visuele beeld wat die essensie van die werk vasvang
- Die choreograaf se naam, die choreograaf se nota en kort biografie
- Die name van die dansers, jy kan ook kort biografieë insluit
- Die produksiespan en hulle inligting: kostuumontwerper, musiek en komponis, beligting en klanktegnici

Oorweeg die uitleg van die inligting, die kleur, lettertipes en visuele impak van die programnota.





5.6 Verklaring van Egtheid

'N VERKLARING VAN EGTHEID MOET VOOR IN JOU JOERNAAL GEPLAK WORD

VERKLARING VAN EGTHEID	
Hierdie verklaring moet deur die leerder voltooi en onderteken word en deur die onderwyser onderteken word en dek alle ingediende bewyse.	
Leerder naam en van:	Datum:
Ek verklaar dat die aangehegte PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK my eie werk is en geen werk deur enigiemand anders as ek en/of my groep insluit nie. Ek het hierdie taak voltooi deur die instruksies te volg en binne die vasgestelde tydsbeperkings, om te verseker dat dit nie plagiaat is nie (bv. van *TikTok* of *YouTube*).	
Leerder handtekening:	Datum:
Onderwyser se bevestiging Namens …… ... (skoolnaam), verklaar ek dat die bogenoemde leerder, na my beste wete, die choreograaf is van die voltooide opdrag wat aangeheg is en dat die assessering onder die vereiste toestaande voltooi is.	
Onderwyser se handtekening:	Datum:
Skoolhoof se handtekening:	Datum:

SKOOLSTEMPEL

6. PAT-NASIENINSTRUMENTE

6.1 Kwartaal 1: PAT-proses-puntestaat

NAAM VAN SKOOL: **NAAM VAN ONDERWYSER(S):** **ONDERWYSER(S) SE HANDTEKENING(E):** **TITEL VAN DIE CHOREOGRAFIE:** **DH/MODERATOR SE HANDTEKENING:**	**Moontlike Punte**	**Leerder 1**	**Leerder 2**	**Leerder 3**	**Leerder 4**	**Leerder 5**	**Leerder 6**
KWARTAAL 1 PROSES: SKRIFTELIKE WERK IN JOERNAAL EN MONDELING/ VIDEOAANBIEDING							
1. Navorsing/Ondersoek na gekose tema/bedoeling/idee om 'n danswerk te konseptualiseer	**10**						
2. Gebruik van improvisasie in die ontwikkeling van relevante bewegingswoordeskat/simboliek	**10**						
3. Verkenning en gebruik van danselemente en choreografiese strukture	**10**						
4. Beplanning van die produksie-elemente en musiek en/of begeleiding, gekoppel aan die bedoeling/tema	**10**						
5. Besinning oor deelname, ontwikkeling, spanwerk en samewerking.	**10**						
SUBTOTAAL	**50**						
VERWERK NA	**25**						
KWARTAAL 1 PROSES: PRAKTIESE ONTWIKKELING VAN PAT IN DIE KLAS							
1. Gereedheid, toewyding en bydrae tot die choreografiese proses	**10**						
2. Improvisasie wat kritiese denke, kreatiwiteit en eksperimentering van die bedoeling/tema toon	**10**						
3. Verkenning en eksperimentering van produksie-elemente, musiek/begeleiding en/of film gekoppel aan die bedoeling/tema	**10**						
4. Eksperimentering met danselemente en choreografiese strukture en konvensionele/ nie-konvensionele dansruimtes	**10**						
5. Leierskap, organisatoriese, kommunikasie, probleemoplossingsvaardighede, spanwerk	**10**						
SUBTOTAAL	**50**						
VERWERK NA	**25**						
TOTALE PUNTE	**50**						

6.2 Kwartaal 1: PAT-proses-nasienrubriek – Joernaal

KWARTAAL 1 SKRIFTELIKE WERK IN JOERNAAL EN MONDELING/VIDEO AANBIEDING: 50 punte verwerk na 25 punte					
Band- en Puntereeks	**Navorsing en Ondersoek**	**Improvisasie-ontwikkeling**	**Danselemente en Strukture**	**Produksie en Musiekbeplanning**	**Besinning en Samewerking**
Uitstekend ***8–10 punte***	Deeglike, kritiese navorsing wat tema in historiese/kontekstuele raamwerk plaas.	Insiggewende verduideliking van hoe improvisasie ryk, simboliese beweging gegenereer het.	Gesofistikeerde ontleding van elemente en strukture met duidelike skakels na tema.	Omvattende plan van beligting, kostuum, klank en musiekkeuse, wat bedoeling toon.	Diep self- en groepsbesinning, bewyse van transformerende leer.
Verdienstelik ***7 punte***	Goed ontwikkelde ondersoek met verskeie geloofwaardige bronne.	Duidelike opgawe vir improvisasiekeuses en opkomende motiewe.	Sterk bespreking van elemente/strukture, met tematiese relevansie.	Gedetailleerde produksie-/musiekplan wat konseptuele bedoeling ondersteun.	Deurdagte besinning oor samewerking en persoonlike groei.
Beduidend ***6 punte***	Soliede navorsing met relevante voorbeelde en kritiese kommentaar.	Goeie verduideliking van verkennende take en hulle uitkomste.	Voldoende oorsig van elemente/strukture met simboliese notas.	Logiese plan wat sleutelproduksie-komponente en musiekverduideliking uiteensit.	Besin oor groepsdinamiek en individuele deelname.
Voldoende ***5 punte***	Basiese ondersoek wat begrip van tema toon.	Beskryf begeleide improvisasies en basiese bewegingswoordeskat.	Identifiseer hoofelemente/struktur e met beperkte simboliek.	Noem produksie-elemente en musiekkeuses met minimale regverdiging.	Algemene selfbesinning; noem spanwerk kortliks.
Gemiddeld ***4 punte***	Oppervlakkige navorsing; min bronne of voorbeelde.	Skets improvisasietake sonder diepte van verduideliking.	Noem elemente/strukture met min tematiese verband.	Noem produksiebehoeftes, maar plan het nie samehang nie.	Besinning is oppervlakkige, beperkte insig in samewerking.
Elementêr ***3 punte***	Onvolledige of ongefokusde navorsing.	Noem improvisasies wat opgevoer is, maar geen kommentaar nie.	Bied 'n lys van elemente/strukture sonder interpretasie.	Produksie/ musiekkeuses genoem maar onbeplan.	Minimale of geen besinning oor proses- of groepwerk nie.
Nie bereik nie ***0–2 punte***	Geen bewyse van navorsing of ondersoek nie.	Geen melding van improvisasie in ontwikkeling nie.	Geen bespreking van elemente of choreografiese strukture nie.	Geen beplanning van produksie of musiek nie.	Geen besinning aangeteken nie.

6.3 Kwartaal 1: PAT-proses-nasienrubriek – Prakties

KWARTAAL 1 PRAKTIESE WERK: 50 punte verwerk na 25 punte					
Band- en Puntreeks	**Navorsing en Ondersoek**	**Improvisasie-ontwikkeling**	**Danselemente en Strukture**	**Produksie en Musiekbeplanning**	**Besinning en Samewerking**
Uitstekend ***8–10 punte***	Lei repetisies proaktief, onberispelike dissipline.	Innoveer verskeie gesofistikeerde improvisasies.	Transformeer musiek in genuanseerde opvoeringslae.	Integreer naatloos gevorderde rekwisiete, stel, ruimte.	Visioenêre leierskap; los konflik op; foutlose logistiek.
Verdienstelik ***7 punte***	Konsekwent voorbereid; dryf vordering.	Pas verskeie strategieë toe om bewegingswoordeskat te verryk.	Interpreteer begeleiding om tematiese energie te verhoog	Eksperimenteer kreatief met beligting, stel, ruimte.	Lei span effektief; bestuur tyd en take goed.
Beduidend ***6 punte***	Betroubare toewyding; konstruktiewe bydraes.	Eksperimente met verskeie tegnieke gekoppel aan tema.	Toon groeiende musikale responsiwiteit in seleksie.	Ondersoek relevante produksie-elemente met duidelike bedoeling.	Werk goed saam; inisieer repetisie-organisasie.
Voldoende ***5 punte***	Voldoen aan basiese verwagtinge; dra by wanneer dit gevra word.	Demonstreer begeleide improvisasies met basiese uitkomste.	Eksperimenteer met musiekkeuse op 'n basiese vlak.	Identifiseer produksie-elemente; beperkte oorspronklikheid.	Neem deel aan logistiek; basiese organisatoriese poging
Gemiddeld ***4 punte***	Onreëlmatige deelname; beperkte inisiatief.	Bied min buite vasgestelde improvisasie-aanwysings.	Aanvaar groepmusiekkeuses sonder insette.	Minimale betrokkenheid; benodig aansporing vir produksiewerk.	Dra minimaal by tot beplanning
Elementêr ***3 punte***	Selde voorberei; minimale moeite.	Voer oefeninge uit wanneer dit gevra word; Geen tematiese skakel nie.	Geen onafhanklike musikale insette nie.	Geen effektiewe verkenning van produksie-elemente nie.	Terughoudend; geen organisatoriese rol nie.
Nie bereik nie ***0–2 punte***	Geen deelname of verbintenis nie.	Geen deelname of verbintenis nie.	Geen betrokkenheid by musiek nie.	Geen verkenning van produksie-elemente nie.	Geen spanwerk of leierskap nie.

6.4 Kwartaal 2: PAT-produk-puntestate

NAAM VAN SKOOL: **NAAM VAN ONDERWYSER(S):** **ONDERWYSER(S) SE HANDTEKENING(E):** **TITEL VAN DIE CHOREOGRAFIE:** **DH/MODERATOR SE HANDTEKENING:**	**Moontlike Punte**	**Leerder 1**	**Leerder 2**	**Leerder 3**	**Leerder 4**	**Leerder 5**	**Leerder 6**
KWARTAAL 2 PRODUK: SKRIFTELIKE WERK IN JOERNAAL EN MONDELING/ VIDEO-AANBIEDING							
1. Regverdiging van die finale keuses en simboliek van: • Opvoerruimte/film • Produksie-elemente • Musiek en/of begeleiding	**10**						
2. Regverdiging van die finale keuses en simboliek van: • Bewegingswoordeskat • Danselemente en choreografiese strukture	**10**						
3. Besinning oor groei en ontwikkeling tydens die choreografiese proses	**10**						
TOTAAL:	**30**						
KWARTAAL 2 PRODUK: PROGRAMNOTA							
1. Inhoud: • Titel, samevatting, biografie, kunstenaars, musiek en/of begeleiding, erkennings	**10**						
2. Ontwerpelemente en algehele indruk: • Kreatiwiteit en visuele impak • Programnota toon 'n samehangende aanbieding met nadenke en moeite wat in die finale produk geplaas word	**10**						
TOTAAL:	**20**						
TOTAAL PROGRAMNOTA EN JOERNAAL:	**50**						
VERWERK NA	**25**						

NAAM VAN SKOOL: **NAAM VAN ONDERWYSER(S):** **ONDERWYSER(S) HANDTEKENING(E):** **TITEL VAN DIE CHOREOGRAFIE:** **DH/MODERATOR SE HANDTEKENING:**	**Moontlike Punte**	**Leerder 1**	**Leerder 2**	**Leerder 3**	**Leerder 4**	**Leerder 5**	**Leerder 6**
KWARTAAL 2 PRODUK: FINALE DANSOPVOERING							
1. Kommunikasie van die bedoeling/tema	**10**						
2. Bewegingswoordeskat, danselemente en choreografiese strukture wat simbolies gebruik is om die bedoeling/tema uit te beeld	**10**						
3. Produksie-elemente en musiek en/of begeleiding wat simbolies gebruik is om die bedoeling/tema uit te beeld	**10**						
4. Opvoerkwaliteit: uitdrukking en verhoogteenwoordigheid om die choreografiese bedoeling/tema oor te dra	**10**						
5. Algehele indruk: interpretasie van die PAT-opdrag met inagneming van alle areas	**10**						
SUBTOTAAL	**50**						
VERWERK NA	**25**						
TOTALE HOLISTIESE PUNT VAN PRESTASIE	**50**						
TOTALE PAT-PUNT OOR TWEE KWARTALE	**100**						

6.5 Kwartaal 2: PAT-produk-nasienrubriek – Joernaal en mondelinge aanbieding

KWARTAAL 2 SKRIFTELIKE WERK IN JOERNAAL EN MONDELING/VIDEO-AANBIEDING: 30 punte			
Band en Puntreeks	**Ruimte en Produksieverduideliking**	**Danselemente en struktuurregverdiging**	**Finale Besinning**
Uitstekend ***8–10 punte***	Insiggewende regverdiging van ruimte, produksie en musieksimboliek.	Diepgaande ontleding van elemente/strukture wat ryk simboliek toon.	Aangrypende besinning oor proses, leer en kreatiewe groei.
Verdienstelik ***7 punte***	Duidelike redes wat alle produksiekeuses aan tema koppel.	Sterk regverdiging vir choreografiese besluite en die betekenis daarvan.	Deurdagte besinning wat kritiese selfbewustheid openbaar.
Beduidend ***6 punte***	Logiese verduideliking van ruimte/musiek/rekwisiete met tematiese skakels.	Voldoende redenasie vir element- en struktuurkeuses.	Besin oor sterk punte en uitdagings met insig.
Voldoende ***5 punte***	Basiese regverdiging van produksie en musiekkeuses.	Identifiseer elemente/strukture met simboliese bedoeling.	Algemene besinning; noem prosesfases sonder diepte.
Gemiddeld ***4 punte***	Noem produksiekeuses, maar swak tematiese verband.	Noem elemente en strukture met minimale regverdiging.	Besinning is oppervlakkig; min bewyse van leer.
Elementêr ***3 punte***	Kies ruimte/musiek sonder duidelike regverdiging.	Geen betekenisvolle bespreking van elemente of strukture nie.	Minimale of irrelevante besinning.
Nie bereik nie ***0–2 punte***	Geen regverdiging verskaf vir produksie of musiek nie.	Geen bespreking van choreografiese elemente/strukture nie.	Geen finale besinning nie.

6.6 Kwartaal 2: PAT-produk-nasienrubriek – Programnota

KWARTAAL 2 PROGRAMNOTA: 20 punte				
Band en Puntereeks	**Sinopsis**	**Inhoud**	**Ontwerpelemente**	**Algehele indruk**
Uitstekend ***4–5 punte***	Diep insiggewende interpretasie wat belangstelling wek en die gekose tema volledig saamvat deur hoogs kreatiewe taal of beelde te gebruik.	Alle vereiste elemente is ingesluit met uitsonderlike kreatiwiteit en relevansie; choreograaf en groep word met flair bekendgestel.	Professionele aandag aan uitleg, lettertipe, spasiëring en visuele beelde; ontwerp versterk kykerbetrokkenheid.	Hoogs afgeronde en onvergeetlike produk; toon kundige visuele geletterdheid en emosionele impak.
Beduidend ***3 punte***	Duidelike en relevante samevatting met 'n mate van oorspronklikheid en betrokkenheid.	Die meeste inhoudsareas is duidelik ingesluit en deurdag gekoppel aan tema.	Effektiewe uitleg met kreatiewe ontwerpkeuses en geskikte visuele beelde.	Aanbieding is samehangend en goed beplan met goeie aandag aan detail.
Gemiddeld ***2 punte***	Basiese samevatting met oppervlakkige betrokkenheid by die tema.	Sommige van die vereiste elemente is teenwoordig met beperkte besonderhede of relevansie.	Uitleg en ontwerp is funksioneel, maar konvensioneel; visuele geletterdheid is duidelik, maar nie sterk nie.	Aanbieding voldoen aan minimum vereistes met beperkte impak.
Elementêr ***1 punt***	Vae samevatting sonder duidelikheid of insig.	Veelvuldige inhoudselemente ontbreek of is onderontwikkel.	Minimale ontwerppoging met probleme met spasiëring, lettertipe of uitleg.	Aanbieding het nie samehang nie; minimale kreatiwiteit gedemonstreer.
Nie bereik nie ***0 punte***	Min of geen tematiese skakel nie; oppervlakkige of irrelevante beskrywing.	Baie min inhoudselemente behandel; beperkte begrip.	Swak uitleg en ontwerpuitvoering met minimale moeite.	Programnota is onverskillig, swak saamgestel en het nie bedoeling nie.

6.7 Kwartaal 2: PAT-produk-nasienrubriek – Finale Dansopvoering

KWARTAAL 2 FINALE DANSOPVOERING: 50 punte verwerk na 25 punte					
Band en Puntreeks	**Tema/ Interpretasie**	**Choreografiese Elemente**	**Produksie-elemente**	**Opvoeringskwaliteit**	**Algehele indruk**
Uitstekend ***8–10 punte***	Tema kragtig en simbolies gekommunikeer; diep insig in die PAT-opdrag.	Gesofistikeerde en oorspronklike beweging; strukture versterk tema op briljante wyse.	Beligting, kostuum, rekwisiete, klank en ruimte verhoog tematiese impak op kundige wyse.	Presisie, emosionele nuanse, sinergie en duidelike gehoorverbinding.	Boeiend en volledig: artistieke komponente harmonieus geïntegreer
Verdienstelik ***7 punte***	Tema is duidelik en kreatief ondersoek.	Simboliese beweging en sterk kreatiewe keuses.	Elemente ondersteun duidelik konsep; deurdagte gebruik van ruimte.	Sterk groepaanbieding met goeie projeksie, fokus en betrokkenheid.	Samehangende en onvergeetlike artistieke keuses met sterk impak
Beduidend ***6 punte***	Die tema word oorgedra en is deeglik ontwikkel	Doelgerigte bewegingskeuses wat tema ondersteun.	Effektiewe en geskikte gebruik van produksie-elemente.	Goeie fokus en ritme; tema oorgedra deur opvoering.	Samehangende tema en sterk groeppoging.
Voldoende ***5 punte***	Tema is duidelik; interpretasie oppervlakkig.	Minimale simboliese betrokkenheid; choreografie teenwoordig.	Konvensionele gebruik van elemente met basiese tematiese verbinding.	Gemengde energie en duidelikheid; 'n mate van toewyding duidelik.	Bevredigende impak en aanbieding.
Gemiddeld ***4 punte***	Swak tematiese verwantskap; minimale verkenning van opdrag.	Algemene beweging met beperkte struktuur en kreatiwiteit.	Beperkte of onbedoelde elementgebruik; ruimte is funksioneel.	Inkonsekwente fokus, projeksie en spanwerk.	Beperkte artistieke impak en samehorigheid.
Elementêr ***3 punte***	Onduidelike tema; opdrag minimaal aangepak.	Beweging het nie betekenis en simboliese relevansie nie.	Swak gekose of irrelevante elemente.	Nie genoeg gerepeteer nie; swak verbinding en groepskohesie.	Gebrek aan verfyning en samehang.
Nie bereik nie ***0–2 punte***	Geen waarneembare tema of betrokkenheid by opdrag nie.	Geen struktuur of relevansie in beweging nie.	Geen oorweging van produksiekomponente of ruimte nie.	Geen voorbereiding, toewyding of gehoorbetrokkenheid nie.	Geen artistieke samehang of bedoeling nie.

7. GEVOLGTREKKING

Ná voltooiing van die praktiese assesseringstaak moet leerders in staat wees om hulle begrip van die bedryf te demonstreer, hulle kennis, vaardighede, waardes en redenasievermoëns te verbeter, asook verbindings met die lewe buite die klaskamer te vestig en werklike uitdagings aan te spreek. Die PAT ontwikkel verder die leerder se lewensvaardighede en bied geleenthede vir leerders om by hulle eie leer betrokke te raak.

8. VERWYSINGS

1. *Quotes - We are not makers of history; we are made by history.* (n.d.). https://www.shmoop.com/quotes/not-makers-of-history-made-by-history.html

2. Odyssey. (2017, November 28). *10 little tattoos with big meaning*. *Pinterest*. https://za.Pinterest.com/pin/12455336469426710/

3. Smithsonian Education. (2019, Januarie 30). *Storytelling through Dance: Perspectives Inspired by American Portraits* [Video]. *YouTube*. https://www.YouTube.com/watch?v=joKB-3K8Jto

4. Fmax168. (2025, Julie 15). *Image*. *Pinterest*. https://za.*Pinterest.*com/pin/480900066484172707/

5. Damico, F. (2025, Julie 15). *Two people connected by string*. *Pinterest*. https://za.Pinterest.com/pin/480900066484171943/

6. Cade, M. (2013, Februarie 18). *Thomas Merton*. *Pinterest*. https://za.Pinterest.com/pin/515521488565605275/

7. Unknown. (2025, Julie 14). *Pencil art drawings music*. *Pinterest*. https://za.Pinterest.com/pin/480900066484167192/

8. True Calling. (2019, Junie 19). *Blood Memory: Exploring Indigenous identity through dance* [Video]. *YouTube*. https://www.YouTube.com/watch?v=uuA-T08aUUg

9. NOWNESS. (2023, Desember 16). *Reimagine an ancient ritual and past self through dance and poetry* [Video]. *YouTube*. https://www.YouTube.com/watch?v=mZpW93u78Qw

10. Patrik Pietschmann. (2023, Augustus 18). *Patrik Pietschmann - Echoes from the Past (Piano Version)* [Video]. *YouTube*. https://www.YouTube.com/watch?v=TCEMMTG9Clo

11. K, L., en K, L. (2024, Julie 8). *Poems about The Past : Echoes of Time, Memory, and Meaning*. ThePoeticfy.com. https://www.thepoeticfy.com/2639/poems-about-the-past/

12. Jain, N. (2023, Augustus 2). The value of experience: how our past shapes our present and future. *Medium*. https://medium.com/@namanjain1903/the-value-of-experience-how-our-past-shapes-our-present-and-future-71503011e728

13. Reichle, R. (2021, Desember 15). Rope - literally literary - medium. *Medium*. https://medium.com/literally-literary/rope-9ecaf34b4a55

14. Barten, A. (2025, Junie 3). *Generations photoshoot ideas*. *Pinterest*. https://za.Pinterest.com/pin/7529524371941111/

15. Keke. (2025, Julie 9). *Quotes on improvement*. *Pinterest*. https://za.Pinterest.com/pin/1688918606360970/

16. Keone and Mari. (2019, April 8). *'Identity' Keone en Mari / Beyond Babel Cast | Vibe Dance Competition* [Video]. *YouTube*. https://www.YouTube.com/watch?v=O02JZBLJnXQ

17. Power by Books. (2025, Mei 21). *Spirituality and mindfulness*. *Pinterest*. https://za.Pinterest.com/pin/211174978310485/

18. Ballet BC. (2020, April 22). *Solo Echo - Crystal Pite (Virtual Archive, Ballet BC, 2015)* [Video]. *YouTube*. https://www.YouTube.com/watch?v=IId60ukhApw

19. Wessels, L. (2025, Julie 4). Timeless and uplifting: NDT1 dances Crystal Pite. *Bachtrack*. https://bachtrack.com/review-nederlands-dans-theater-1-pite-opstal-eyal-behar-amsterdam-april-2019

20. Unknown. (2017, Junie 15). *Emergency preparation*. *Pinterest*. https://za.Pinterest.com/pin/280489883025438683/

21. Bendix, M. (2025, Julie 16). *Digital Fine art*. *Pinterest*. https://za.Pinterest.com/pin/480900066484179098/

22. 1Thousand Ideas. (2025, Julie 14). *Mixed-Media collage | DIY Magazine Collage | Collage Work*. *Pinterest*. https://za.Pinterest.com/pin/480900066484164400/

23. Naples, D. (2025, Julie 16). *seek the magic ✨*. *Pinterest*. https://za.Pinterest.com/pin/480900066484179101/

24. *A quote from The Power of Now*. (n.d.). https://www.goodreads.com/quotes/50295-realize-deeply-that-the-present-moment-is-all-you-have

25. Bordoni, F. (2025, Julie 15). *Pensiamoci - Federica Bordoni*. *Pinterest*. https://za.Pinterest.com/pin/444871269461876155/

26. Robledo, I. (2023, Februarie 5). *Dance with the present moment — I. C. Robledo's thoughts*. I. C. Robledo's Thoughts. https://www.robledothoughts.com/thoughts/dance-with-the-present-moment-and-experience-real-life

27. Fuller, A. (2018, Mei 1). Taking pride in humility - struck - medium. *Medium*. https://medium.com/experienceaffinity/taking-pride-in-humility-323bbdae958e

28. Store, N. (2025, Julie 17). *Unity through diversity - Day of Respect for Cultural Diversity - Colorful Silhouettes*. *Pinterest*. https://za.Pinterest.com/pin/480900066484188277/

29. Krown, R. (2025, Julie 14). *Alone Photography*. *Pinterest*. https://za.Pinterest.com/pin/480900066484166887/

30. Unknown. (2025, Julie 15). *Freedom Artwork*. *Pinterest*. https://za.Pinterest.com/pin/480900066484172237/

31. Unknown. (2025c, Julie 17). *Poetic photo*. *Pinterest*. https://za.Pinterest.com/pin/480900066484187190/

32. Unknown. (2024, Mei 20). *Image illusion*. *Pinterest*. https://za.Pinterest.com/pin/112590059427532459/

33. *A quote by Abraham Lincoln*. (n.d.). https://www.goodreads.com/quotes/328848-the-best-way-to-predict-your-future-is-to-create

34. Morteza. (2024, Maart 15). *Narrative photography*. *Pinterest*. https://za.Pinterest.com/pin/53339576830654282/

35. Tana. (2025, Julie 17). *Data Visualization Design*. *Pinterest*. https://za.Pinterest.com/pin/480900066484187192/

36. WIRED UK. (2015, April 2). *Performance of Pixel by Mourad Merzouki, Claire Bardainne en Adrien Mondot | WIRED* [Video]. *YouTube*. https://www.YouTube.com/watch?v=pMuvrDwhp4w

37. Creators. (2013, September 24). *Box* [Video]. *YouTube*. https://www.YouTube.com/watch?v=lX6JcybgDFo

38. *When dancers find their voices on stage*. (n.d.). CN D Magazine. https://magazine.cnd.fr/en/posts/33-when-dancers-find-their-voices-on-stage?utm_source=chatgpt.com

39. Balazic, S. (2025, Januarie 14). *The Future of dance: What to expect in 2025*. iLoveDanceShoes. https://ilovedanceshoes.com/blogs/guides/the-future-of-dance-what-to-expect-in-2025?utm_source=chatgpt.com

40. Winship, L. (2024, Oktober 29). Small step or a giant leap? What AI means for the dance world. *The Guardian*. https://www.theguardian.com/stage/2024/oct/29/small-step-or-a-giant-leap-what-ai-means-for-the-dance-world?utm_source=chatgpt.com

41. Tee. (2025, Julie 15). *TIKTOK- @ttdabombb #quotes #inspirational*. *Pinterest*. https://za.Pinterest.com/pin/480900066484171440/

42. Bourdon, A. (2025, Julie 17). *Bold Black Text Design*. *Pinterest*. https://za.Pinterest.com/pin/480900066484187100/

43. Paige. (2025, Julie 15). *Film doodle art*. *Pinterest*. https://za.Pinterest.com/pin/480900066484171919/

Kopiereg voorbehou